

Ouditiewe verwarring van 'h' en 'j'

LeerAfrikaans123

# Leer met klanke.

- 'a' soos in appel.
- 'b' soos in bal.
- 'd' soos in donkie.
- 'e' soos in emmer
- 'f' soos in fiets
- 'g' soos in goud

- 'h' soos in huis,
- 'i' soos in ink. (t-i-k)
- 'j' soos in jakkals.
- 'k' soos in kos.
- 'l' soos in lys.
- 'm' soos in muis.
- 'n' soos in niks.
- 'o' soos in os. (p-o-s)
- 'p' soos in pit.

- 'r' soos in rot,
- 's' soos in sak.
- 't' soos in tak.
- 'v' soos in vis.
- 'w' soos in was.
- 'x' soos in x-straal.
- 'y' soos in ys.
- 'z' soos in zoeloe.

-u-

- b-u-s

- r-u-s

- b-u-k

# Partykeer sê ons:

- 'h' soos in h-uis

Ander kere kom twee klanke saam en klink soos die alfabet naam. Bv.


- 'h' + 'a" sê "h" (Alfabet) ha-mer

“h” soos in hond, hardloop en huis.




Die hond hardloop huis toe.

# Leer die alfabet





“h” soos in hamer, haas en haan.



Die haas en die haan soek die  
hamer.

haar en jaar

- Haar hande is vuil.
- Hierdie jaar word ek nege.

# huis

Dit is 'n mooi huis.



# juis

Beteken: op die oomblik

Ek is juis daarmee  
besig.

# hulle

Kyk vir hulle.



Julle moet  
asseblief in 'n  
ry staan.

# julle



Hy sê: “Julle moet in 'n ry staan.”

hy

Hy sê: "Hy eet!"



jy

Dit was  
jy!


Dit was  
jy!



# jou

“Maak oop jou mond!” sê die tandarts.

“Borsel jou tande elke dag.”




hou

Hulle hou die boeke vas.






 ja

 jaar

 Jaap

**Sê saggies:**

j j j j j j j

 ja

 jaar

 Jaap

Lees hardop:

ja

jaar

Jaap

 hand

 ham

 hoor

**Sê saggies:**

h h h h h h h

 ham

 haar

 haas

 hamer

Lees hardop:

ham haar haas hamer

# Kom ons lees nou die woorde.

- hy
- hulle
- hou
- haar

- jy
- julle
- jou
- jaar